

7 Desember

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:3-27

Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:6

Wandel soos Hy gewandel het

Johannes sê nie alleen dat ons in die lig moet wandel nie, hy beskryf ook hoe ons moet wandel. Hy gee 'n padkaart. Daarop word die roete aangedui en terselfdertyd gesê hoe ons op daardie pad moet stap. Die eerste vereiste is dat ons in Christus moet bly. Die werkwoord 'bly' neem 'n besonder belangrike plek in Johannes se brief in. dit is een van sy kernwoorde. Hiermee word 'n innige gemeenskap, 'n geloofsgemeenskap met Christus omskryf. Bly naby die Here Jesus, sê Johannes, dan sal jy nie verdwaal nie. Om by Jesus te bly, vra oefening, gebed en bepeinsing. So 'n wandel in die lig (1,7), moet 'n wandel wees in die voetstappe van Jesus. Hierdie voetspore van ons Heiland is in die Bybel baie duidelik afgedruk. Wanneer ons ons Bybel lees, dan lees ons nie alleen van die kruis van die Here Jesus en hoe Hy vir ons sondes gesterf het nie, ons lees ook hoe Hy geleef het. Sy hele lewe op aarde was 'n lewe van onbaatsugtigheid, selfverloëning, medemenslikheid en opoffering. Petrus gee vir ons 'n duidelike portret van Jesus se lewe (1 Petr 2:21-24, OAV). Jesus het in die lig van God gewandel. Ons mag in sy lig wandel. Hierdie gebod van Johannes is vir ons 'n gawe en tegelyk ook 'n opgawe. Wanneer ons in die lig wat van Jesus se lewe afstraal wandel, dan het ons gemeenskap met hulle wat op dieselfde pad loop én ons ervaar wie God in Christus Jesus vir ons is.

Sing: Psalm 128:1

Prof L Floor (Emeritus)